# EFÉSIËRS 3:10-21

**TEMA:** **Sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 3:10-21

**Efe 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,**
**Efe 3:11 volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,**
**Efe 3:12 in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.**
**Efe 3:13 Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge ter wille van julle nie. Dit is julle eer.**
**Efe 3:14 Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus,**
**Efe 3:15 van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,**
**Efe 3:16 dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,**
**Efe 3:17 sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,**
**Efe 3:18 en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,**
**Efe 3:19 en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.**
**Efe 3:20 En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,**
**Efe 3:21 aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.**

### 1. DIE BRUID

**Efe 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,**
**Efe 3:11 volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,**
**Efe 3:12 in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.**

Eenheid is net deur die Liggaam, die Bruid.
Dit is die posisie wat die Bruid inneem.

Daar is dinge wat altyd verborge en toe gemaak was - wat nog net in God was. Maar nou gee Hy dit aan die Liggaam, aan die Bruid van Christus, deur die Bruid. Hierdeur openbaar God dat Hy krag het oor magte en owerhede.

In hierdie dae sal dit nou openbaar word, sodra die liggaam van Jesus Christus, Sy kerk, Sy gemeente, wat besig is om op te staan, hand op steek en sê: " *Ek wil deel wees, ek wil deel wees van Christus, ek wil my plek inneem, ek wil begin funksioneer. Ek wil nie net meer 'n sitter wees nie, ek wil nou 'n doener begin word".* Omdat dit nou 'n geval is, sal God Homself, daardie Krag, openbaar.

Daarom glo ek ons is in 'n geweldige, geweldige wonderlike tyd. Hierdie dinge is alreeds besig om plaas te vind. God gaan deur Sy liggaam, die Krag van God openbaar, wat nog nooit geopenbaar was nie. In hierdie laaste dae is Sy ware kerk regtig besig om op te staan.

Daar was nog altyd tradisies en dinge. Ja, daar was ook nog altyd mense gewees wat deel was van die kerk, maar in hierdie dae is Hy nou regtig besig om die doodsbeendere van Esegiël by mekaar te bring sodat hulle

kan opstaan as ‘n magtige leër en funksioneer as ‘n kragtige weermag, Die kerk is ‘n geestelike oorlog bruid (warrior bride), sy verstaan oorlogvoering (warfare), sy weet en sy is hier op die aarde geplaas om die funksie te verrig wat Christus Jesus vir haar opgelê het om te verrig, want die Bruid vervul aan die behoefte van die Bruidegom.

Ek glo ook, in hierdie dae is daar nou ‘n krag wat deur die Bruid, deur die Liggaam, en ek glo dit is die Bonatuurlike (supernatural), wat gaan begin funksioneer om die krag van God te openbaar wat Hy het oor die bose, oor die magte en oor die owerhede. God, Homself sal bewys as ‘n God wat nog nooit Sy krag verloor het nie, nog nooit Sy outoriteit en gesag verloor het nie. Hy sal bewys deur Sy liggaam, deur sy gemeente, deur Sy bruid, dat die krag wat God regtig het, Hy wat hemel en aarde geskape het.

Ek sien verskriklik baie uit na dit wat kom, want ek glo ons is in die deurbraak van hierdie dinge; want dit is hoekom ons so geweldig baie weerstand het en dat hierdie dinge nou gaan begin plaasvind.

## 2. STAAN STERK

**Efe 3:13 Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge ter wille van julle nie Dit is julle eer.**

Luister baie mooi – moenie moedeloos word nie, dit is julle eer om geestelik ‘n bietjie verdruk en gedruk te word, dit is ‘n eer van en tot God.

## 3. GEBED

Mense en dan wil ek bid soos wat Paulus vandag gebid het vir die Efésiërs, wil ek ook vir julle bid. Dit is so ‘n mooi gebed waarby ek niks kan byvoeg of wegneem nie.

**Efe 3:14 Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus,**
Vers 15 **van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,**
Vers 16 **dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,**
Vers 17 **sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,**
Vers 18 **en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,**
Vers 19 **en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.**
Vers 20 **En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,**
Vers 21 **aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.**

En dit is my gebed vandag vir ieder en elkeen van julle.

Ek wil vandag bid dat die Here vir julle regtig hierdie gebed sal aanhoor en elkeen van julle wat hierdie boodskap hoor, dat die Here vir julle sal help om in die plek in te kom om ook te kan ontvang dit wat God wil hê.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

-o0o-